

## 18 Augustus

Skrifgedeelte: Markus 7:1-13 (OAV)  
Fokusgedeelte: Markus 7:9, 13

### Net die vorm, sonder inhoud?

Godsdiens is nie 'n las nie. Diens aan God is 'n vreugde, 'n genadegawe van God. Ons geloof word juis hier van alle ander gelowe onderskei. Ons redding in Jesus Christus is onvoorwaardelik. Ons word nie gered uit Christus + ... nie. *Menslike* tradisies en oorlewering bind ons nie.

In hierdie gedeelte konfronteer die Fariseërs en die skrifgeleerdes vir Jesus omdat sy dissipels nie by al die reiningsvoorskrifte gehou het nie. Hy antwoord hulle: Julle sit die gebod van God opsy en handhaaf die oorlewering van mense. Twee sake moet ons duidelik hoor:

•

In die eerste plek soek God hartediens en nie leë lippetaal en offerandes nie. Die Fariseërs het die wet van God vir oorgelewerde gebruike opsygeskuif. Die mens kan só verval raak in gebruike dat inhoudlose godsdiens beoefen word. Die inhoud van ons geloof is Jesus Christus en dit moet gesien kan word in ons woorde, gedagtes en werke. Ons geloofslawe moet werklik wees *Soli Deo Gloria*.

•

In die tweede plek moet ons fyn lees wat Jesus vir hulle leer. Hierdie teksvers word baie misbruik deur kerke en mense wat alles net wil verander. Die gunsteling opmerking is dan: God is teen alle vorme van oorlewering. Dit is *nie* wat Jesus hier leer nie. Let fyn op: Hy waarsku teen hulle wat die gebod van God vir *eie* menslike oorgelewerde gebruike opsysit. So kan 'n mens byvoorbeeld 'n generasie kry wat minder vashou aan God se geboeie en juis wegbeweeg van oorgelewerde Godsgehoorsame gebruike wat van godvresende voorgeslagte "geërf" is. Ons moet fyn onderskei tussen wat menslike oorlewering is en oorlewering wat juis in stand gehou moet word. Dink aan die woorde van Jesus kort voor sy hemelvaart: ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het ...

In Christus deur die Heilige Gees is ons vrygemaak van onnodige "dingetjies" wat geloof moeilik maak. Aan die ander kant moet ons versigtig wees om die gebod van God opsy te skuif omdat ons reken dat dit mens-oorgelewerde gebruike is. Ons moet werklik bid vir die gawe om te kan onderskei watter gebruike is volgens die gebod van God en watter is mens-oorgelewerde gebruike.

•

ons mag nie aan die gebruike van mense vashou nie.

•

en so min mag ons die gebod van God opsyskuif.

Sing: Psalm 127:1, 2 (1936)

Ds. JG Noëth (Kimberley)